**Skriflesing: 1 Petrus 2 vers 9-17**
**Tema: Die fout op ons ID's**

Ek is die afgelope tyd gekonfronteer met 'n paar goed wat my lewe nogal omgekrap het. Ek het wetteloosheid gesien. Ek het gedurende die vakansie meer as een keer gesien hoe stropers helder oordag in die see ingaan en perlemoen stroop. Ek het van onbevoegdheid en oneerlikheid gehoor. 'n Goeie vriend van my vertel hoe hulle gedruk word om onmoontlike teikens by hulle werk te bereik net sodat dit in 'n verslag geskryf kan word. Alles word verpolitiseer. Ons het dit gesien by Clifton en 'n hele aantal skole. Die getuienis voor die Zondo kommissie help beslis ook nie om vertrouensvlakke te verhoog nie. Hoe hanteer 'n kind van die Here hierdie goed? Ons kan altyd by Jesus gaan leer. Een van die beste mense om by te leer, is Petrus.

Petrus was baie keer in die tronk. Sy lewe het dikwels aan 'n draadjie gehang. Vyf maal het hy by sy eie mense, die Jode, die gebruiklike straf van 39 houe gekry. Hy is in totaal 195 houe met 'n sweep met staalpunte geslaan. Driemaal is hy deur die Romeine met stokke geslaan. Hulle het geslaan om dood te slaan. Eenkeer is hy met klippe gegooi en vir dood agtergelaat. Driekeer het die skepe waarop hy was, gesink. Eenkeer het hy 'n dag en nag op die oopsee rondgedryf. Hy het 'n klomp gevare getrotseer. Hy skryf onder andere van rowers, storms, nagte sonder slaap, honger ly en koud kry om maar net 'n paar te noem. Volgens buite-Bybelse bronne het hy 'n onnatuurlike dood gesterf. Hy is onderstebo gekruisig of onthoof. Hy beleef al hierdie swaargekry - nie omdat hy 'n misdadiger is nie, maar omdat hy 'n Christen is.

Petrus skryf die brief aan die gelowiges in Klein-Asië so ongeveer 65 nC. Baie van hulle was politieke vreemdelinge onder 'n heidense Romeinse regering. In die tyd wat die brief geskryf is, het die Romeine hulle verdra omdat hulle gesien is as 'n groep wat afgestig het van die Jode. Waarskynlik het aktiewe vervolging van Christene nog nie teen dié tyd begin nie. Binnekort sou Nero hulle begin vervolg en doodmaak. Die uitlander gelowiges het nie burgerskap gehad nie. Dit het beteken dat hulle geen regte gehad het nie.

Hulle was bywoners. Hulle het op vreemdelinge se lande gewerk en in vreemdelinge se huise gewoon. Baie van hulle eienaars het hulle onredelik hanteer. Ons moet onthou dat die evangelie in die meeste gevalle heel eerste deur slawe aangeneem is. Hulle was weerloos blootgestel aan die magsmisbruik van hulle eienaars. Hulle is sleg behandel en daar is teen hulle gediskrimineer omdat hulle Christene en vreemdelinge was. Hulle is gespot en mishandel omdat hulle anders as die ander (én hulle eienaars) geglo het.

Die ergste en seerste verontregting het van hulle eie mense gekom. Hulle was al meer onwelkom om die Joodse tempel te gebruik. Die man het alles bepaal wat in 'n huis gebeur en sou hy onbekeer wees, het hy die lewe vir die nuwe gelowiges onmoontlik gemaak.

Hulle omstandighede was so moeilik dat hulle gedreig het om tou op te gooi. Hulle het nie langer kans gesien vir die prys van hulle vreemdelingskap nie. Hulle was hooploos en sonder 'n toekoms.

Baie van ons beleef vandag verontregting, diskriminasie en magsmisbruik teen ons. Hoe hanteer ons hierdie goed? Ek gaan nie hierdie vraag beantwoord nie. Ons gaan kyk na 'n belangriker vraag. Die vraag is: "Wie is ek?" Wie ek is, bepaal hoe ek optree.

In 1 Petrus 2 vers 9 lees ons: "Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig."

God het almal van Sy kinders gekies. Hy het ons afgesonder. Ons behoort aan Hom.

Ons is **Konings** wat moet heers.
In Sy krag heers ons oor sonde. Ek hou my nie meer besig met iets wat my verhouding met my medemens versteur nie. Ek vermy enige vorm van kwaad, bedrog, huigelary, jaloesie of kwaadpraat. Soos 'n goeie koning dien ek mense in liefde. Ek beskerm mense. Ek sien om na minderbevoorregtes. Ek laat reg en geregtigheid geskied.

Ons is **Priesters** wat offers gebring.
in 1 Petrus 2 vers 5 staan daar dat ons 'n heilige priesterdom is wat geestelike offers bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. Ons lees in Romeine 12:1 hoe hierdie offer lyk: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."
Ek offer eers myself. Daarna kan ek ander offers bring. Die eerste en belangrikste offer wat ek vir mense kan bring, is gebed. Diens van barmhartigheid is ook 'n offer wat ek bring.

As **Profete** is ons God se stem in die wêreld.
Ons lees in 1 Petrus 2 vers 9 ...ons is: "die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig." Die Here se lig skyn uit ons en stel ons instaat om duisternis te verdryf.
Ek probeer weergee wat Jaco Strydom, deeltydse predikant van Villieria gemeente en betrokke by Echo-jeugontwikkeling, 'n rukkie gelede oor die radio gesê het: "Ek en jy is geroep om lig te wees. God laat Sy lig uit Sy kinders se lewens skyn. Lig is nie bang vir duisternis nie. Lig kla nie oor duisternis nie. Lig is eintlik opgewonde oor duisternis, want lig verdryf duisternis."

Ons lees in 1 Petrus 2 dat ons **vreemdelinge en bywoners** is. Ons het nie permanente burgerskap op die aarde nie. Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Ons is hierdeur op pad na ons pernamente adres in die hemel. As vreemdelinge en bywoners staan ons in 'n nuwe verhouding met God, mense en regeerders.
Ons is vry om God te dien. In 1 Petrus 2 vers 17 lees ons dat ons God moet vrees. Dit beteken nie dat ons vir God hoef bang te wees nie. Ons moet net onthou dat ons mense is en Hy is God. Respekteer en dien God.

Ons moet alle mense respekteer en liefhê. In 1 Petrus 2 vers 12 lees ons: "Gedra julle goed onder heidene" en in vers 15: "doen goed." As ons so anders as die wêreld optree, sal mense God verheerlik en al minder uit onkunde oor ons kwaadpraat.

Ons moet ons onderwerp aan regeerders en die leiers eer. in 1 Timoteus 2 vers 2 roep Paulus ons op om vir die regeerders en almal wat gesag uitoefen, te bid. Net soos dit vir die gemeente in Klein-Asië nie maklik was nie, so is dit vandag steeds nie maklik nie, maar dit is die wil van die Here.
**Wie is ons?**
Watter prentjie het ons van onsself as Christene? Sommige van ons sien onsself as leeus of wolwe.Wanneer Jesus in Lukas 10 die 72 uitstuur, dan sê Hy vir hulle: "Ek stuur julle soos lammers tussen die wolwe in." Ons lees van Jesus as die Leeu van Juda. Ons as Sy volgelinge is lammers. Eerder as magtige manne en vroue is ons, in die voetspore van Jesus, nederige manne en vroue.

Die fout op ons ID's is dat ons nie in die eerste plek RSA burgers is nie. Ons burgerskap is in die hemel. In Filippense 3 vers 20 lees ons: "Ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag." In uitdagende en verwarrende tye, kom ons gaan leef so!
**Amen**